**<u>Oggenddiens</u>**: 18 Januarie 2026
**<u>Leraar</u>**: Wouter v.d. Merwe
**<u>Tema</u>**: Hoe word ons saam gesond?

Kerk (LWC) is 'n plek waar:

1. Jy die Here <u>beleef</u>!

Jy kan Hom in baie plekke beleef soos in die natuur....

Maar, kerk noem Jesus Sy <u>bruid</u>: Dis hier waar mense saam aanbid, waar ongelowiges & gereddes die Here ervaar in aanbidding & in die goddelike ontsag van 'n erediens.

- Jy moet self die Here beleef op Sondae soos Sy dissipels Hom beleef het tydens die 1ste 2 Sondae eredienste.
  In **Joh.20:18:28** – self belewenis,
- Maar as ons Hom <u>self beleef</u> het, kom liefdevolle volwassenheid daarby uit dat ons <u>ander</u> Hom ook wil laat beleef! **Hand.2:37- 41** – Ander beleef Hom deur My!

2. Jy kan kom <u>behoort</u> – 'n familie!
   As jy Hom beleef & self die vreugde deel met ander wat Jesus aanbid & beleef, dan word jy deel van 'n groep mense:
   Die Kerk – vir ons LWC & selfs belange groepe in ons kerk wat saamwerk om jou deel van familie te laat voel.

- Jy kan voel jy behoort aan die liggaam van Christus & dit kan vir jou sekuriteit bied,
- Maar jy kan ook 'n geestelike tuiste skep, waar ander mense (gelowiges & selfs ongelowiges) voel hulle <u>behoort</u> aan die familie! Ons noem dit Kerk.

3. In so 'n geestelike tuiste waar jy & ander die Here beleef & waar julle tuis hoort soos by LWC, het jy ook nodig om <u>gevorm</u> of toegerus te word – **Ef.4:11-12**.

- In ons kerk (LWC) groei & behoort jy baie meer veral uit jou kerk belewenis as jy leer & gevorm word,
- Maar as jy ander help vorm & jou daarop toespits om ander te lei in die waarheid van die toegepaste woord sal jy vinniger & dieper geestelik groei & jy nog meer voel jy behoort, want jy het inspraak in mense se lewens.

4. In jou toerusting binne die familie waar jy Christus beleef behoort jy dan ook die res van kerk te <u>ondersteun</u>.

- Jou bystand sal sorg dat jy self verstaan hoe kerk werk,
- Maar as jy ander bedien deur hulle te ondersteun in hulle belewenis & ervaring dat hulle deel is van 'n geestelike familie sal ander ook Christus se bruid wil bedien & ondersteun.

5. Jy tot geestelike volwassenheid kom & besef dat die groot opdrag van Jesus was om te gaan & die evangelie te gaan verkondig! **Matt.28:19-20**

- As jy uitgestuur word om van Jesus te gaan getuig, beleef jy die absolute vreugde & seën van gehoorsaamheid & van nuwe bekeerlinge wat opnuut God beleef.
- As jy ander kan laat insien & kan saam neem, as jy gestuur word, beleef jy die vreugde van dissipelskap & sien jy hoe ander die liggaam van Christus toerus.

Kerk is progressie – groei! As jy nie groei nie, leef jy nie! (niks wat leef hou op groei nie) dus geen groei = geen lewe.

Onthou, geloof behaag God! **Heb.11:6**

'n  Kerk wat die Here behaag (tevrede maak) bestaan uit lidmate wat die Here tevrede & gelukkig maak deur hul groei & geloof.

So: Beleef jy Jesus Sondae by LWC?

Ek nooi jou: Vra hoe kan ander Hom nog beter deur my beleef by LWC?

Voel jy, jy behoort hier? Vra dan hoe kan ek ook ander by LWC laat tuis voel & behoort?

Word jy toegerus of gevorm by LWC vir jou lewe as gelowige?

Vra dan hoe kan ek ander help vorm om die Here te eer.

Ervaar jy dat jy in jou Christenskap ondersteun word om die Here te dien?

Vra dan hoe ek ander administratief & geestelik kan ondersteun in hul wandel met Christus?

Besef jy dat gehoorsaamheid in die woord daarop uitloop dat ek gestuur word na ander om hulle van Jesus te vertel?

Vra dan hoe kan ek gaan & vertel & ander help uitstuur om 'n verlore wêreld van Jesus te vertel?